(b) a traveller's assistant who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from the place of his residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) reimburse him all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night;

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than R5,50 for each night where such absence extends over one or more nights:

Provided that for the purpose of this subclause the expression "night" means the period between 23h00 and 04h00.

(7) *Payment of transport and subsistence allowances and expenses.*—(a) Any allowances and expenses payable to an employee in terms of subclauses (5) and (6) shall be paid by an employer within seven days of the employee's written claim therefor: Provided that an employee shall submit any such claims within one month of entitlement, but shall not submit more than one claim in any one week.

(b) An employer may require his traveller to frame any claim so that it shall reflect—

(i) in respect of any claim in terms of subclause (5) (a), the mode of travel employed and the transport expenses incurred or the nature of any other expense for which reimbursement is claimed;

(ii) in respect of any claim in terms of subclause (5) (b), the distance travelled each day, the points of call and, except in municipal areas, the route followed;

(iii) in respect of any claim in terms of subclause (6) the times of commencement and ending of each period of absence;

and to enable him to comply with such a requirement, his employer shall, before any such journey is undertaken by such traveller, provide him with a suitable book or forms in or on which to maintain suitable records.

(8) *Night-shift allowance.*—An employee who works night-shift shall be paid no less than his daily wage plus 15 per cent:

Provided that this subclause shall not apply to—

(a) a watchman;

(b) an employee whose services are required at night in connection with a cooling system or the generation of light or power; or

(c) an employee who normally receives a wage not less than the amount prescribed in clause 5 (9) (a) (ii).

(b) 'n handelsreisiger van wie vereis word om 'n motorvoertuig vir die uitvoering van sy pligte te verskaf moet sy werkgewer hom vir elke kilometer wat hy by die uitvoering van sy pligte afgelê het, 'n vervoertoelae betaal van minstens—

	c
(i) waar die enjinkapasiteit van die voertuig waarmee die werknemer aldus gereis het hoogstens 1 300 cm^3 is	10
(ii) waar die enjinkapasiteit van sodanige voertuig meer as 1 300 cm^3 maar hoogstens 2 500 cm^3 is	12
(iii) waar die enjinkapasiteit van sodanige voertuig meer as 2 500 cm^3 is	14

(6) *Onderhoudstoelae en -uitgawes.*—Benewens die betaling van enige ander besoldiging verskuldig aan—

(a) 'n handelsreisiger wat op enige reis wat hy by die uitvoering van sy pligte onderneem, vir 'n langer tydperk as ses agtereenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom vergoed vir alle redelike uitgawes wat hy in elke sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie aan etes en tee vir homself aangegaan het;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens R12 vir elke nag betaal as so 'n afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(b) 'n handelsreisiger se assistent wat, wanneer hy 'n handelsreisiger vergesel op enige reis wat die handelsreisiger by die uitvoering van sy pligte onderneem, vir 'n langer tydperk as ses agtereenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom vergoed vir alle redelike uitgawes wat hy in elke sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie aan etes en tee vir homself aangegaan het;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens R5,50 vir elke nag betaal as so 'n afwesigheid oor een of meer nagte strek:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subklousule die uitdrukking "nag" die tydperk tussen 23h00 en 04h00 beteken.

(7) *Betaling van vervoer- en onderhoudstoelaes en -uitgawes.*—(a) 'n Werkgewer moet alle toelaes en uitgawes wat ingevolge subklousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het, aan hom betaal: Met dien verstande dat 'n werknemer elke sodanige eis binne een maand vanaf die tydstip waarop hy daarop geregtig geword het, moet indien maar dat hy nie meer as een eis in 'n week mag indien nie.

(b) 'n Werkgewer kan van sy handelsreisiger vereis om elke eis so op te stel dat dit weergee—

(i) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) (a), die soort vervoer en die vervoerkoste of die aard van alle ander uitgawes waarvoor hy vergoeding eis;

(ii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) (b), die afstand wat hy elke dag afgelê het, die plekke wat besoek is en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is;

(iii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (6), die tyd waarop elke tydperk van afwesigheid begin en geëindig het;

en ten einde aan so 'n vereiste te kan voldoen, moet sy werkgewer, voordat sodanige reis deur sodanige handelsreisiger onderneem word, aan hom 'n geskikte boek of vorms verskaf waarin of waarop gepaste aantekeninge gehou kan word.

(8) *Nagskoftoelae.*—'n Werknemer wat nagskof werk, moet vir elke sodanige skof minstens sy dagloon plus 15 persent betaal word: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is nie op—

(a) 'n wag;

(b) 'n werknemer wie se diens snags nodig is in verband met die verkoelingsinstallasie of die ontwikkeling van lig of krag; of

(c) 'n werknemer wat gewoonlik 'n loon ontvang van minstens die bedrag in klousule 5 (9) (a) (ii) voorgeskryf.

4. PAYMENT OF REMUNERATION

Employees other than casual employees.—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, in cash or by cheque monthly during the hours of work or within 15 minutes of ceasing work, on the usual pay-day of the establishment for such employee (or in the case of a shift worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than 24 hours after the usual pay-day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing—

(a) the employer's name;
(b) the employee's name or his number on the payroll and his occupation;
(c) the number of ordinary hours of work worked by the employee;
(d) the number of overtime hours worked by the employee;
(e) the number of hours worked by the employee on a Sunday, a public holiday referred to in clause 8 (1) or during his free period;
(f) the employee's wage;
(g) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
(h) the details of any deductions made;
(i) the actual amount paid to the employee; and
(j) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee: Provided that—

(i) at the written request of an employee the amount due to him may be paid into his building society or bank account by his employer who shall hand to him the relevant receipt together with the aforementioned statement;
(ii) the aforementioned information relating to time worked need not be furnished in respect of an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (9) (a).

(2) *Casual employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from his or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Black (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:

(a) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds, or subscriptions to trade unions;
(b) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;
(c) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or permitted to make;
(d) whenever an employee agrees or is required in terms of the Black (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified below:

	Per week	*Per month*
	R	R
(i) Board	2,00	8,67
(ii) Lodging	1,00	4,33
(iii) Board and lodging	3,00	13,00

4. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens klousules 3 (7) en 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die werkure, of binne 15 minute nadat die werk gestaak is, op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer (of in die geval van 'n skofwerker op 'n tydstip waaroor sodanige werkgewer en sy werknemer ooreengekom het en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting moet wees, maar nie later nie as 24 uur na die gewone betaaldag) of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëlde koevert of houer wees waarop, of wat vergesel gaan van 'n staat waarop, gemeld word—

(a) die werkgewer se naam;
(b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy klas;
(c) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;
(d) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;
(e) die getal ure wat die werknemer op 'n Sondag, 'n openbare vakansiedag in klousule 8 (1) bedoel, of gedurende sy vry periode gewerk het;
(f) die werknemer se loon;
(g) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;
(h) besonderhede van enige bedrag wat afgetrek is;
(i) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en
(j) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie inligting aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat—

(i) op die skriftelike versoek van die werknemer, die bedrag aan hom verskuldig gestort kan word op sy bouvereniging- of bankrekening deur die werkgewer wat die betrokke kwitansie, tesame met voornoemde staat, aan hom moet oorhandig;
(ii) voornoemde inligting betreffende tyd gewerk nie verstrek hoef te word aan 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (9) (a) van die werkurebepalings uitgesluit is nie.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens in kontant aan hom betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om kos of inwoning of kos en inwoning van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, siekte-, mediese, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfonds, of vir ledegelde van 'n vakvereniging;
(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;
(c) enige bedrag wat 'n werkgewer regtens of kragtens of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;
(d) wanneer 'n werknemer daartoe instem of daar ingevolge die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, van hom vereis word om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag van hoogstens—

	Per week	*Per maand*
	R	R
(i) Kos	2,00	8,67
(ii) Inwoning	1,00	4,33
(iii) Kos en inwoning	3,00	13,00

(e) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction not exceeding the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that—

(i) such deduction shall not exceed one-third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;
(ii) no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials or railway trucks, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;
(iii) no deduction shall be made in the case of short-time owing to break-down of plant or machinery or because the buildings are unfit for use or are in danger of becoming unfit for use, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any organisation or has undertaken to pay in respect of—

(i) a payment on a loan granted to such employee to acquire a house, or
(ii) the rent of a house or accommodation in a hostel occupied by such employee if the house or hostel is provided through the instrumentality of such organisation, wholly or partially from funds advanced for that purpose by the Department of Community Development, a local authority or a building society.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee, to work more ordinary hours of work than—

(a) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) 45 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and
(ii) subject to subparagraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and one-half;

(b) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) 45 in any week from Monday to Friday, inclusive; and
(ii) subject to subparagraph (i) hereof, nine on any day.

(2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight and one-half on any day.
(3) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime:

Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half an hour, and in that event, and after the employer has informed the Divisional Inspector, Department of Manpower Utilisation, for his area, in writing, of such agreement, the interval may be so reduced;
(ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (ii) applies, shall be deemed to be continuous;
(iii) if such interval is longer than one hour, except with proviso (vii) applies, any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be time worked;
(iv) not more than one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;
(v) when in any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may be reduced to not less than 15 minutes;

(e) wanneer die gewone werkure by klousule 5 voorgeskryf, weens korttyd verminder word, 'n bedrag van hoogstens die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande dat—

(i) sodanige aftrekking hoogstens een derde van die werknemer se weekloon is, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;
(ii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n slapte in die bedryf of 'n tekort aan grondstowwe of spoorwegtrokke ontstaan, geskied nie tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;
(iii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd geskied nie vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie weens 'n onklaarraking van masjinerie of installasie of weens die feit dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, 'n bedrag wat 'n werkgewer aan 'n organisasie betaal het of onderneem het om te betaal ten opsigte van—

(i) 'n paaiement op 'n lening wat aan sodanige werknemer toegestaan is vir die verkryging van 'n huis; of
(ii) die huur van 'n huis of huisvesting in 'n tehuis wat sodanige werknemer bewoon indien die huis of tehuis voorsien is deur bemiddeling van sodanige organisasie uitsluitlik of gedeeltelik uit fondse wat vir daardie doel deur die Departement van Gemeenskapsbou, 'n plaaslike owerheid of 'n bougenootskap voorgeskiet is.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN BETALING VIR OORTYDWERK

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) in die geval van 'n werknemer wat ses dae per week werk—

(i) 45 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en
(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, wanneer die ure op enigeen van die ander dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(b) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk—

(i) 45 in 'n week van Maandag tot en met Vrydag; en
(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, nege op 'n dag.

(2) 'n Werkgewer mag nie van 'n los werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure as agt en 'n half op 'n dag te werk nie.
(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer met sy werknemer ooreen kan kom om die duur van sodanige pouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer die Afdelingsinspekteur, Departement van Mannekragbenutting vir sy gebied skriftelik in kennis gestel het van sodanige ooreenkoms, kan die pouse aldus verkort word;
(ii) werktydperke wat onderbreek word deur pouses van minder as een uur, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (v) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;
(iii) as sodanige pouse langer as een uur is, behalwe waar voorbehoudsbepaling (vii) van toepassing is, enige tyd wat een en 'n kwart uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;
(iv) alleenlik een sodanige pouse gedurende die gewone werkure van 'n werknemer op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;
(v) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op 'n dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens 15 minute verkort mag word;

(vi) a driver of a motor vehicle who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purpose of this subclause not to have worked during such interval;

(vii) such interval need not be granted to a boiler attendant or an employee employed on night shift during his ordinary hours of work, if he is given the opportunity during such hours of having a meal while at his post, unless this is prohibited by virtue of any notice published in terms of section 27 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(4) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees, other than a shift worker, a rest interval of not less than 10 minutes as nearly as practicable in the middle of each first and each second work period, and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(5) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (3), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(6) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(a) in the case of a casual employee, two hours in any day;

(b) in the case of any other employee, 10 hours in any week.

(7) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00;

(b) after 13h00 on more than five days a week;

(c) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday, but so that 10 hours are not exceeded in any week;

(d) overtime on more than three consecutive days in any week;

(e) overtime on more than 60 days in any year;

(f) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) before midday given notice thereof to such employee; or

(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee not less than 60c in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(8) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(a) in the case of a casual employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;

(b) in the case of any other employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(9) *Provisos.*—(a) Subclauses (1) to (8) inclusive are not applicable to—

(i) a traveller or a traveller's assistant;

(ii) a foreman, a senior managerial or administrative employee or a technical or professional employee if and for so long as such an employee is in receipt of a regular wage of—

(aa) not less than R600 per month in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Inanda, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pietermaritzburg, Pinetown, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Westonaria and the municipal areas of Bloemfontein, Port Elizabeth, Pretoria and Welkom;

(ab) not less than R550 per month in the Magisterial Districts of Dundee and Lower Tugela and the Municipal Areas of King William's Town, Kroonstad and Pietersburg;

(vi) 'n drywer van 'n motorvoertuig wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie;

(vii) sodanige pouse nie aan 'n ketelbediener of 'n werknemer op nagskof toegestaan hoef te word gedurende sy gewone werkure op enige skof nie indien aan hom gedurende sodanige ure die geleentheid verskaf word om 'n ete te nuttig terwyl hy op sy pos bly, tensy dit verbied word ooreenkomstig 'n kennisgewing wat ingevolge artikel 27 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, gepubliseer is.

(4) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet, so na as doenlik aan die middel van elke eerste en elke tweede werktydperk van die dag aan elkeen van sy werknemers, uitgesonderd 'n skofwerker, 'n ruspouse van minstens 10 minute toestaan waarin daar nie van sodanige werknemer vereis of hy nie toegelaat mag word om werk te verrig nie, en daar word geag dat so 'n pouse deel van die gewone werkure van so 'n werknemer uitmaak.

(5) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousule (3), moet alle werkure van 'n werknemer op elke dag agtereenvolgend wees.

(6) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as—

(a) in die geval van 'n los werknemer, twee uur op 'n dag;

(b) in die geval van enige ander werknemer, 10 uur in 'n week.

(7) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;

(b) op meer as vyf dae in 'n week na 13h00 te werk nie;

(c) meer as twee uur oortyd op 'n dag te werk nie, behalwe dat 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk, maar dan só dat die oortydwerk hoogstens 10 uur in enige week is;

(d) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week oortyd te werk nie;

(e) op meer as 60 dae in 'n jaar oortyd te werk nie;

(f) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie tensy hy—

(i) sodanige werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of

(ii) sodanige werknemer van 'n toereikende ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of

(iii) sodanige werknemer minstens 60c betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(8) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

(a) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op enige dag gewerk;

(b) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk.

(9) *Voorbehoudsbepalings.*—(a) Subklousules (1) tot en met (8) is nie van toepassing nie op—

(i) 'n handelsreisiger of 'n handelsreisiger se assistent;

(ii) 'n voorman, 'n senior bestuurs- of administratiewe werknemer of 'n tegniese of professionele werknemer indien en solank so 'n werknemer gereeld 'n loon ontvang van—

(aa) minstens R600 per maand in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Inanda, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pietermaritzburg, Pinetown, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Westonaria en die munisipale gebiede van Bloemfontein, Port Elizabeth, Pretoria en Welkom;

(ab) minstens R550 per maand in die landdrosdistrikte Dundee en Lower Tugela en die munisipale gebiede van King William's Town, Kroonstad en Pietersburg;

(ac) not less than R500 per month in the Magisterial District of Volksrust;

(iii) a watchman whose employer grants him a free period of 24 consecutive hours in respect of every week of employment:

Provided that—

(aa) he makes no deduction from his watchman's wage in respect thereof;

(ab) an employer may, in lieu of granting his watchman any such free period, pay such watchman the wage which he would have received if he had not worked during such period, plus an amount of not less than double his daily wage in respect of such period not granted.

(b) Subclauses (3), (4), (5) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged in emergency work.

(c) Subclause (4) shall not apply to a chauffeur, a boiler attendant, a driver of a motor vehicle or a labourer accompanying such a driver of a motor vehicle on his rounds or maintaining a fire in a boiler.

6. ANNUAL LEAVE

(1) Subject to the provisions of subclause (2) an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of 12 months of employment with him—

(a) in the case of a traveller, traveller's assistant or watchman, 21 consecutive days' leave;

(b) in the case of every other employee, 14 consecutive days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (a), an amount of not less than three times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (b), an amount of not less than double the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced:

Provided that for the purpose of this clause—

(i) the weekly wage of a traveller who is employed on commission work shall be calculated by dividing the remuneration payable to him by virtue of his agreement in accordance with clause 9 (7) in respect of the 12 months immediately preceding the date of the accrual of his leave by 52, or, if he has had less than 12 months of such employment, by dividing the total remuneration so payable to him during his period of such employment by the number of completed weeks in such period;

(ii) The weekly wage of any employee who is engaged on piecework shall be calculated on the basis set out in section 20 (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto, in writing, before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with—

(aa) sick leave granted in terms of clause 7 or with absence from work on account of incapacity as set out in clause 7 (5) (a) or (b) and totalling not more than 10 weeks in any year;

(ab) any period during which the employee is serving notive of termination of service in terms of clause 12 or is undergoing military training or service, in terms of the Defence Act, 1957, unless the employee so requests and the employer agrees thereto in writing;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(ac) minstens R500 per maand in die landdrosdistrik van Volksrust.

(iii) 'n Wag wie se werkgewer hom 'n vry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure in elke week diens toestaan: Met dien verstande dat—

(aa) hy geen bedrag van sy wag se loon ten opsigte daarvan aftrek nie;

(ab) 'n werkgewer, in plaas daarvan dat hy sodanige vry periode aan sy wag toestaan, sodanige wag dié loon kan betaal wat hy sou ontvang het indien hy nie gedurende sodanige vry periode gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens dubbel sy dagloon ten opsigte van sodanige vry periode wat nie toegestaan is nie.

(b) Subklousules (3), (4), (5) en (6) is nie van toepassing op 'n werknemer terwyl hy noodwerk verrig nie.

(c) Subklousule (4) is nie van toepassing op 'n chauffeur, 'n ketelbediener, 'n drywer van 'n motorvoertuig of 'n arbeider wat so 'n drywer van 'n motorvoertuig op sy rondtes vergesel of 'n vuur in 'n stoomketel stook, nie.

6. JAARLIKSE VERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof verleen en moet die werknemer sodanige verlof neem—

(a) in die geval van 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se assistent of 'n wag, 21 agtereenvolgende dae;

(b) in die geval van enige ander werknemer, 14 agtereenvolgende dae;

en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

(i) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (a) bedoel, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (b) bedoel, 'n bedrag van minstens twee maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het:

Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie klousule—

(i) die weekloon van 'n handelsreisiger wat kommissiewerk doen bereken word deur die besoldiging wat uit hoofde van sy ooreenkoms ingevolge klousule 9 (7) aan hom betaalbaar is ten opsigte van die 12 maande onmiddellik voor die datum waarop die verlof hom toekom, deur 52 te deel of, indien hy minder as 12 maande aldus gewerk het, deur die totale besoldiging wat aldus vir sodanige dienstydperk aan hom betaalbaar is, deur die getal voltooide weke in sodanige tydperk te deel;

(ii) die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken word op die grondslag uiteengesit in artikel 20 (5) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(2) Die verlof by subklousule (1) voorgeskryf, moet verleen en geneem word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal:

Met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie dit, behoudens subklousule (3), so verleen moet word dat dit binne vier maande begin na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het of, as die werkgewer en sy werknemer voor die verstryking van genoemde tydperk van vier maande skriftelik daartoe ooreengekom het, die werkgewer sodanige verlof aan die werknemer moet toestaan met ingang van 'n datum uiterlik twee maande na die verstryking van genoemde tydperk van vier maande;

(ii) die tydperk van verlof nie mag saamval nie met—

(aa) siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of met afwesigheid van werk weens ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in klousule 7 (5) (a) of (b) en wel tot 'n totaal van hoogstens 10 weke in enige jaar;

(ab) enige tydperk waarin die werknemer kennisgewing van diensbeëindiging ingevolge klousule 12 uitdien of militêre opleiding of diens kragtens die Verdedigingswet, 1957, ondergaan, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en dat die werknemer vir elke sodanige dag wat bygevoeg word, 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word;

(iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at such employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates.

(3) (a) At the written request of his employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided—

(i) that the request is made by such employee not later than four months after the expiration of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and
(ii) that the date of the receipt of the request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain the request at least until after the expiration of the period of leave.

(b) The provisions of subclause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this subclause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose employment terminates during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in subclause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(a) in the case of an employee referred to in subclause (1) (a), one fourth; and
(b) in the case of an employee referred to in subclause (1) (b), one sixth;

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee: Provided further that, subject to the provisions of clause 12 (4), an employee who—

(i) leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice or the employee has paid the employer in lieu of notice; or
(ii) leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or
(iii) is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice;

shall not be entitled to any payment by virtue of this subclause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), and whose employment before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include—

(a) any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice;
(b) any period during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of this clause;
(ii) on sick leave in terms of clause 7 or on account of incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) (a) or (b);
(iii) on the instructions or at the request of his employer, amounting in the aggregate in any year, to not more than 10 weeks; and

(c) any period during which an employee is absent undergoing military training in terms of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training,

and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(iv) 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom toegestaan is gedurende die tydperk van 12 maande diens waarop die verloftydperk betrekking het, van sodanige verloftydperk kan aftrek.

(3) (a) Op die skriftelike versoek van sy werknemer kan 'n werkgewer toelaat dat die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens oploop: Met dien verstande dat—

(i) sodanige werknemer so 'n versoek doen binne vier maande na verstryking van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het; en
(ii) die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek tot minstens na verstryking van die verloftydperk bewaar;

(b) Subklousule (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf by subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se diens gedurende enige dienstermyn van 12 maande eindig voordat die verloftydperk by subklousule (1) voorgeskryf ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(a) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) (a) bedoel, een vierde van die weekloon; en
(b) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) (b) bedoel, een sesde van die weekloon;

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van al die dae geleentheidsverlof wat op skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom toegestaan is, 'n eweredige bedrag kan aftrek: Voorts met dien verstande dat, behoudens klousule 12 (4), 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee en die kennisgewingstermyn uit te dien wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het of tensy die werknemer sy werkgewer betaal het in plaas daarvan om aldus kennis te gee; of
(ii) wat sy diens sonder 'n regsgeldige rede verlaat; of
(iii) wat sonder kennisgewing deur sy werkgewer ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag sonder kennisgewing regsgeldig is;

op geen betaling uit hoofde van hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het op 'n tydperk van verlof voorgeskryf by subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se diens eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige diensbeëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van diensbeëindiging aan hom toegestaan was.

(7) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking "diens" geag te omvat—

(a) enige tydperk ten opsigte waarvan 'n werkgewer 'n werknemer ingevolge klousule 12 betaal in plaas van kennis te gee;
(b) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge hierdie klousule;
(ii) met siekteverlof ingevolge klousule 7 of weens ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in klousule 7 (5) (a) of (b);
(iii) op las of versoek van sy werkgewer;

en wel tot 'n totaal van hoogstens 10 weke in enige jaar; en

(c) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of dienstydperk as diens te eis nie;

en word diens geag te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat, voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, kragtens enige wet op 'n tydperk van jaarlikse verlof geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer laas kragtens sodanige wet op verlof geregtig geword het;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the coming into force of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) (a) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of 12 months, close his establishment or portion of his establishment for 14 consecutive days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to subclause (2).

(b) An employee who at the date of the closing of an establishment or portion thereof in which he is employed, is not entitled to the full period of annual leave prescribed in subclause (1) shall, in respect of any leave due to him, be paid by his employer on the basis set out in subclause (5), and for the purpose of annual leave thereafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment or portion of the establishment, as the case may be.

7. SICK LEAVE

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(a) in the case of an employee who normally works a five-day week, not less than 20 work days'; and

(b) in the case of every other employee, not less than 24 work days',

sick leave in the aggregate during each cycle of 24 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this subclause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first 24 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of any other employee, one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work—

(a) for more than three consecutive work days; or

(b) on the work day immediately before or the work day immediately after a Sunday or New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day;

require the employee to produce a certificate signed by a registered medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that when an employee has during any period of up to eight weeks received payment in terms of this clause on two or more occasions without producing such a certificate his employer may during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion require him to produce such a certificate in respect of any absence.

(3) Where, during the first cycle of 24 months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid in respect of only such leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiration of the said cycle of employment or on termination of employment before such expiration, pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiration or termination, had not been taken.

(ii) in die geval van 'n werknemer wat, voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, in diens was en op wie enige wet wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak van toepassing was maar wat nog nie daarkragtens op 'n tydperk van verlof geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum waarop hierdie Vasstelling bindend geword het, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) (a) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule kan 'n werkgewer vir die doel van jaarlikse verlof te eniger tyd, maar hoogstens een maal in 'n tydperk van 12 maande, sy bedryfsinrigting of 'n gedeelte van sy bedryfsinrigting sluit vir 14 agtereenvolgende dae plus alle addisionele dae wat moontlik uit hoofde van die derde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) daarby gevoeg moet word.

(b) 'n Werknemer wat op die sluitingsdatum van 'n bedryfshoudsbepaling van subklousule (2) daarby gevoeg moet word. saam is, nie geregtig is op die volle tydperk van die jaarlikse verlof by subklousule (1) voorgeskryf nie moet, ten opsigte van enige verlof wat aan hom verskuldig is, deur sy werkgewer betaal word op die grondslag in subklousule (5) vermeld, en vir die doel van jaarlikse verlof daarná word sy diens geag te begin op die datum waarop die bedryfsinrigting of gedeelte van die bedryfsinrigting, na gelang van die geval, aldus sluit.

7. SIEKTEVERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, siekteverlof toestaan van—

(a) in die geval van 'n werknemer wat normaalweg vyf dae per week werk, altesaam minstens 20 werkdae; en

(b) in die geval van enige ander werknemer, altesaam minstens 24 werkdae;

gedurende elke tydkring van 24 agtereenvolgende maande diens by hom, en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande dat—

(i) 'n werknemer gedurende die eerste 24 agtereenvolgende maande diens nie op meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, in die geval van 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, in die geval van enige ander werknemer, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) waar 'n werkgewer ingevolge 'n wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal en sodanige gelde wel betaal, die bedrag wat aldus betaal is, afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is.

(2) 'n Werkgewer kan, as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling, deur hom, van 'n bedrag wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid van sy werk—

(a) vir langer as drie agtereenvolgende werkdae; of

(b) op die werkdag onmiddellik voor of die werkdag onmiddellik na 'n Sondag of Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag;

van die werknemer vereis om 'n sertifikaat voor te lê wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn onderteken is en waarin die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid vermeld word: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule ontvang het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid van hom kan vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid voor te lê.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van 24 maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid vir 'n langer tydperk afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig op betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by verstryking van gemelde tydkring of by diensbeëindiging voor sodanige verstryking, hom ten opsigte van sodanige langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige verstryking of beëindiging toekom, nog nie geneem is nie.

(4) For the purpose of this clause the expression—

(a) "employment" shall be deemed to include—

(i) any period during which an employee is absent—

(aa) on leave in terms of clause 6;
(bb) on the instructions or at the request of his employer;
(cc) on sick leave in terms of subclause (1), amounting in the aggregate, in any year, to not more than 10 weeks; and

(ii) any period during which an employee is absent undergoing military training in terms of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training,

and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into force of this Determination shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(b) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury, other than sickness or injury caused by an employee's own misconduct: Provided that any such inability to work, caused by an accident or a scheduled disease for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall only be regarded as incapacity during any period in respect of which no disablement payment is payable in terms of that Act.

(5) This clause is not applicable to—

(a) an employee at whose written request the employer contributes amounts of not less than those which he himself contributes to a fund or organisation appointed by the employee and which, in case of incapacity in the circumstances set out in this clause, guarantees him the payment in the aggregate of not less than the equivalent of his wage for 20 or 24 work days, as the case may be, in each time cycle of 24 months' service, except that during the first 24 months the guaranteed payment of contributions by the employee may be reduced, but to not less than the rate set out in the first proviso to subclause (1);

(b) any period of incapacity of an employee in respect of which the employer is obliged in terms of any other law to pay the employee not less than his full wage.

8. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS

(1) Subject to the provisions of clauses 4 (6) and 6 (2), if an employee, other than a casual employee, does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) Whenever New Year's Day, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day fall on a Sunday and the employee works on the Monday which follows such Sunday, his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such a Monday falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(a) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) word die uitdrukking "diens" geag te omvat—

(i) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(aa) met verlof ingevolge klousule 6;
(ab) op las of versoek van sy werkgewer;
(ac) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);

en wat in enige jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop; en

(ii) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of diens-tydperk as diens te eis nie;

en word enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddelik voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en word alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan is, geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te gewees het;

(b) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe siekte of besering wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat sodanige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk of vergoedingspligtige siekte waarvoor vergoeding kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, slegs as ongeskiktheid beskou word gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie.

(5) Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(a) op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek sy werkgewer bydraes maak wat minstens gelyk is aan dié wat hy self maak aan 'n fonds of organisasie deur die werknemer benoem en wat aan hom in geval van ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule uiteengesit die betaling waarborg van altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydkring van 24 maande diens, behalwe dat die gewaarborgde koers gedurende die eerste 24 maande van betaling van bydraes deur die werknemer verminder kan word, maar tot minstens die aanwaskoers in die eerste voorbehoudsbepaling van subklousule (1) uiteengesit;

(b) ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid van 'n werknemer ten opsigte waarvan daar by enige ander wet van die werkgewer vereis word om aan die werknemer minstens sy volle loon te betaal.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE

(1) Behoudens klousules 4 (6) en 6 (2), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens klousule 4 (6), vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat die werknemer altesaam op so 'n dag gewerk het: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(3) Wanneer Nuwejaarsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag op 'n Sondag val en die werknemer werk op die Maandag wat op sodanige Sondag volg, moet sy werkgewer hom, behoudens klousule 4 (6) vir die week waarin so 'n Maandag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer altesaam op so 'n dag gewerk het: Met dien verstande dat waar daar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, daar geag word dat hy vier uur gewerk het.

(4) Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(a) die werknemer—

(i) indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal;

(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy gewone loon ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon betaal, en wel die bedrag wat die grootste is; òf

(b) pay him at a rate not less than one and one third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(5) Whenever a shift worker works a shift which falls partly on any public holiday mentioned in subclause (1) or on a Sunday and partly on any other day, the whole shift shall be deemed to have been worked on the day on which the major portion of such shift falls.

(6) The provisions of subclauses (2) to (5) shall not apply to—

(a) an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (9) (a);
(b) a casual employee or a watchman.

9. PIECE-WORK AND COMMISSION WORK

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, other than a traveller, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), such employer shall pay his employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(a) in the case of an employee, other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(b) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that day had be been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give notice for a period not shorter than that agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

(5) A traveller who by agreement with his employer undertakes commission work shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(a) the weekly or monthly wage payable to the traveller, where such wage is higher than that prescribed in clause 3 (1) for such traveller, and the rate or rates of the commission and the conditions of entitlement thereto;

(b) the day of the week or month on which commission earned is due and payable;

(c) the area in which the traveller is required or permitted to work;

(d) the type, description, number, quantity or value of orders (individual, weekly, monthly or otherwise) which the employer is from time to time prepared to accept; and

(e) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work day of the month succeeding the month during which employment was terminated.

(6) The terms of the agreement referred to in subclause (5) shall be financially not less favourable to the traveller than the relevant terms of this Determination: Provided that the remuneration of a traveller on commission work shall be payable on the day stipulated in the agreement, and in this respect the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(b) die werknemer teen minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(5) Wanneer 'n skofwerker 'n skof werk wat gedeeltelik op 'n openbare vakansiedag in subklousule (1) bedoel of op 'n Sondag en gedeeltelik op enige ander dag val, word daar geag dat die hele skof gewerk is op die dag waarop die grootste gedeelte van sodanige skof val.

(6) Subklousule (2) tot (5) is nie van toepassing nie—

(a) op 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (9) (a) van die werkurebepalings uitgesluit is;
(b) op 'n los werknemer of 'n wag.

9. STUKWERK EN KOMMISSIEWERK

(1) 'n Werkgewer kan, nadat hy minstens een week vooraf kennis aan sy werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger, gegee het, 'n stukwerkstelsel invoer, en sodanige werkgewer moet, behoudens klousule 4 (6), sy werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, besoldig teen die tariewe wat ooreenkomstig sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, sodanige werknemer moet betaal—

(a) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie week sou moes betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het;

(b) in die geval van 'n los werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die besoldiging in subklousule (1) bedoel, op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die besoldiging wat daarvolgens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet aan sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk, minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingstermyn ooreen kan kom, en in so 'n geval mag die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis gee nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

(5) 'n Handelsreisiger wat volgens 'n ooreenkoms met sy werkgewer kommissiewerk onderneem, moet, voordat sodanige werk begin, deur sy werkgewer voorsien word van 'n juiste kopie van die ooreenkoms of 'n verklaring wat die bepalings van die ooreenkoms bevat en wat moet insluit—

(a) die week- of maandloon aan die handelsreisiger betaalbaar indien sodanige loon hoër is as dié wat by klousule 3 (1) vir so 'n handelsreisiger voorgeskryf word, asook die kommissietarief of -tariewe en die voorwaardes waarop hy die reg daarop verkry;

(b) die dag van die week of maand waarop die verdiende kommissie verskuldig en betaalbaar is;

(c) die gebied waarin daar van die handelsreisiger vereis word of hy toegelaat word om te werk;

(d) die tipe, beskrywing, getal, hoeveelheid of waarde van die bestellings (individueel, weekliks, maandeliks of hoe ook al) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om te aanvaar; en

(e) die dag waarop die kommissie op bestellings wat die werkgewer voor die beëindiging van die dienskontrak aanvaar het, betaal moet word: Met dien verstande dat sodanige betaaldag uiterlik die laaste werkdag moet wees van die maand wat volg op die maand waarin die diens beëindig is

(6) Die bepalings van die ooreenkoms in subklousule (5) bedoel, mag vir die handelsreisiger geldelik nie minder voordelig wees nie as die betrokke bepalings van hierdie Vasstelling: Met dien verstande dat die besoldiging van 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, betaalbaar is op die dag wat in die ooreenkoms bepaal word, en in hierdie opsig is klousule 4 (1) nie op sodanige betaling van toepassing nie.

(7) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work remuneration at not less than the rate agreed upon between them: Provided that, irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, the remuneration of such traveller in respect of any period shall be not less than that which would be due to him for that period in terms of clause 3 (1).

(8) An employer or a traveller who intends to cancel or to negotiate for an alteration of an agreement in regard to commission work, shall give written notice of such intention and the period of such notice shall be not less than that required to terminate the contract of employment of such traveller in terms of clause 12.

10. PROPORTION OR RATIO

(1) An employer shall not employ an assistant foreman, assistant forewoman, assistant storeman of assistant despatch clerk unless he has in his employ a foreman, storeman or despatch clerk, respectively.

(2) An employer shall not employ a group leader unless he has in his employ a foreman or a forewoman.

(3) An employer shall not employ an unqualified clerk or sweetmaker unless he has in his employ a qualified clerk or sweetmaker, respectively, and for each qualified clerk or sweetmaker in his employ he shall not employ more than one unqualified clerk or sweetmaker, respectively.

(4) (a) An employer shall not employ an unqualified Grade I employee unless he has in his employ a qualified Grade I employee and for each qualified Grade I employee in his employ he shall not employ more than one unqualified Grade I employee;

(b) An employer shall not employ an unqualified Grade II employee unless he has in his employ a qualified Grade I employee or Grade II employee and for each qualified Grade I employee or Grade II employee in his employ he shall not employ more than one unqualified Grade II employee.

(5) Nothing in this clause shall be so construed as to permit of the employment of both an unqualified Grade I employee and an unqualified Grade II employee for the same qualified Grade I employee.

(6) For the purpose of this clause—

(a) an employer or a manager who is wholly or mainly engaged in the work of a particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in such class;

(b) an unqualified employee who is receiving a wage of not less than the wage prescribed for a qualified employee of his class and area may be deemed to be a qualified employee in that class.

(7) This clause shall apply separately to each establishment.

11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to wash or wash and iron any such uniform, overall or protective clothing, in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 40 cents every week.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work day's,

(b) after the first four weeks of employment, not less than one week's,

(c) in the case of an employee paid monthly, after the first four weeks of employment, two weeks'

(7) Behoudens klousule 4 (6), moet 'n werkgewer sy handelsreisiger wat kommissiewerk onderneem minstens die besoldiging betaal waarop hulle ooreengekom het: Met dien verstande dat, ongeag die getal of waarde van die bestellings wat die werkgewer aanvaar, die besoldiging van so 'n handelsreisiger vir elke tydperk nie minder mag wees nie as dié wat ingevolge klousule 3 (1) vir daardie tydperk aan hom verskuldig sou wees.

(8) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat voornemens is om 'n ooreenkoms in verband met kommissiewerk op te sê of oor 'n wysiging daarvan te onderhandel, moet van sodanige voorneme skriftelik kennis gee en die termyn van sodanige kennisgewing mag nie korter wees nie as dié wat by klousule 12 vir die beëindiging van die dienskontrak van so 'n handelsreisiger vereis word.

10. GETALSVERHOUDING

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n assistent-voorman, assistent-voorvrou, assistent-magasynman of assistent-versendingsklerk in diens neem nie, tensy hy onderskeidelik 'n voorman, voorvrou, 'n magasynman of 'n versendingsklerk in diens het.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n groepleier in diens neem nie, tensy hy 'n voorman of 'n voorvrou in diens het.

(3) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde klerk of lekkergoedmaker in diens neem nie, tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde klerk of lekkergoedmaker in diens het, en vir elke gekwalifiseerde klerk of lekkergoedmaker in sy diens mag hy onderskeidelik hoogstens een ongekwalifiseerde klerk of lekkergoedmaker in diens neem.

(4) (a) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde werknemer graad I in diens neem nie, tensy hy 'n gekwalifiseerde werknemer graad I in diens het, en vir elke gekwalifiseerde werknemer graad I in sy diens mag hy hoogstens een ongekwalifiseerde werknemer graad I in diens neem.

(b) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde werknemer graad II in diens neem nie, tensy hy 'n gekwalifiseerde werknemer graad I of werknemer graad II in diens het, en vir elke gekwalifiseerde werknemer graad I of werknemer graad II in sy diens mag hy hoogstens een ongekwalifiseerde werknemer graad II in diens neem.

(5) Niks in hierdie klousule moet so uitgelê word dat dit die indiensneming van beide 'n ongekwalifiseerde werknemer graad I en 'n ongekwalifiseerde werknemer graad II vir dieselfde gekwalifiseerde werknemer graad I toelaat nie.

(6) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) kan 'n werkgewer of bestuurder wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n besondere klas werknemer verrig, 'n gekwalifiseerde werknemer in sodanige klas geag word;

(b) kan 'n ongekwalifiseerde werknemer wat 'n loon ontvang van minstens die bedrag voorgeskryf vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas en gebied, 'n gekwalifiseerde werknemer in daardie klas geag word.

(7) Hierdie klousule is afsonderlik op elke bedryfsinrigting van toepassing.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform oorpak of beskermende klere te was of te was en stryk en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 40 sent per week betaal.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week;

(c) in die geval van 'n werknemer wat maandeliks betaal word, na die eerste vier weke diens, twee weke;

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of one week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(iii) in the case of two weeks' notice, double the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination;

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in terms of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7 or owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) (a) or (b) and which does not exceed 10 weeks in the aggregate in any year.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that when an employer in this manner appropriates to himself an amount in lieu of notice, the employee shall, for the purposes of clause 6 (5), be deemed to have paid the employer in lieu of notice.

13. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

14. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall upon termination of any contract of employment furnish the employee with a certificate of service substantially in the following form, showing the full names of the employer and of the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the wage of the employee on the date of such termination.

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(i) in die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(iii) in die geval van twee weke kennisgewing, minstens dubbel die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie: Voorts met dien verstande dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking "ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken "ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval met, en die kennisgewing nie mag geskied gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding of diens wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan nie;

(ii) daar nie kennis gegee mag word gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 of weens ongeskiktheid in die omstandighede in klousule 7 (5) (a) of (b) uiteengesit wat altesaam hoogstens 10 weke in 'n jaar beloop nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat wanneer 'n werkgewer, 'n bedrag aldus aan homself toegeëien het in plaas van kennisgewing, daar by die toepassing van klousule 6 (5) geag word dat die werknemer die werkgewer betaal het in plaas van kennis te gee.

13. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

14. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik in die volgende vorm is en waarin die volle name van die werkgewer en die werknemer, die klas van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die loon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld word.

CERTIFICATE OF SERVICE

I/We (a).....

carrying on trade in the Sweet Manufacturing Industry at.....

.....

hereby certify that.....

was employed by me/us (a) from the.....day

of.....19..... to the.....day

of.....19..... as (b).....

At the termination of employment his/her (a) wage was R..... per week/month.

.....

Signature of employer or authorised representative

Date.....

(a) Delete whichever inapplicable.
(b) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, Grade II employee, labourer.

15. LOG-BOOK

(1) An employer shall provide his driver of a motor vehicle or his part-time driver of a motor vehicle with a log-book as nearly as practicable in the following form:

DAILY LOG

Name of employer.....

Name of driver.....

Date.....

Time of starting work.....h.....

Time of finishing work.....h.....

Number of hours worked.....

Meal hours from.....h.....to.....h.....

Particulars of any accident or delay.....

.....

.....

.....

Signature of driver

Date.....19.....

(2) Every driver of a motor vehicle shall, in the log-book referred to in subclause (1), keep a daily log in duplicate in respect of each day's work and shall within 24 hours of the completion of the day's work to which it relates deliver a copy thereof to his employer.

(3) Every employer shall retain the copy of the daily log, which in terms of subclause (2) has been delivered to him, for a period of three years subsequent to such delivery.

I. J. CLAASENS, Chairman.
G. H. ABDOOLA, Additional Member.
V. VENTER, Secretary.
Pretoria, 27 July 1979
(16 November 1979)

DIENSSERTIFIKAAT

Ek/Ons(a).....

wat die Lekkergoednywerheid beoefen te.....

.....

verklaar hierby dat.....

in my / ons(a) diens was van die.....dag

van.....19..... tot die.....dag

van.....19..... as (b).....

By diensbeëindiging was sy/haar(a) loon R.....per week/maand.

.....

(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger)

Datum.....

(a) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(b) Meld die klas waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, arbeider.

15. LOGBOEK

(1) 'n Werkgewer moet sy drywer van 'n motorvoertuig of sy deeltydse drywer van 'n motorvoertuig voorsien van 'n logboek wat sover doenlik die volgende vorm het:

DAAGLIKSE LOG

Naam van werkgewer.....

Naam van drywer van motorvoertuig.....

.....

Datum.....

Tyd waarop werk begin het.....

Tyd waarop werk gestaak is.....

Getal ure gewerk.....

Etenstye van.....tot.....

Besonderhede omtrent enige ongeluk of vertraging.....

.....

.....

.....

(Handtekening van drywer van motorvoertuig)

Datum.....19.....

(2) Elke drywer van 'n motorvoertuig moet in die logboek in subklousule (1) bedoel, oor elke dag se werk 'n daaglikse log in duplo hou en binne 24 uur na voltooiing van die dag se werk waarop dit betrekking het, 'n kopie daarvan by sy werkgewer indien.

(3) Elke werkgewer moet die kopie van die daaglikse log wat ingevolge subklousule (2) by hom ingedien is, drie jaar lank na sodanige indiening bewaar.

I. J. CLAASSENS, Voorsitter.
G. H. ABDOOLA, Addisionele Lid.
V. VENTER, Sekretaris.
Pretoria, 27 Julie 1979.
(16 November 1979)

NOTICE 897 OF 1979

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

TARIFF FOR TELECOMMUNICATION SERVICES

By virtue of the powers vested in him by section 2B (1) (e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), the Postmaster-General announces that the *Tariff for Telecommunication Services* promulgated by Government Notice 1192 of 1 July 1977, as amended, is hereby further amended as set out in the Schedule hereto with effect from 1 December 1979. Under a general authority by the Administrator-General of the Territory of South West Africa this amendment of the Tariff is being effected also in respect of that territory and also applies in the said territory.

KENNISGEWING 897 VAN 1979

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

TARIEFLYS VIR TELEKOMMUNIKASIE-DIENSTE

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2B (1) (e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), maak die Posmeester-generaal bekend dat die *Tariefl ys vir Telekommunikasiedienste* afgekondig by Goewermentskennisgewing 1192 van 1 Julie 1977, soos gewysig, met ingang van 1 Desember 1979 hierby verder gewysig word soos in die Bylae uiteengesit. Hierdie wysiging van die Tarieflys word kragtens 'n algemene magtiging van die Administrateur-generaal van die gebied Suidwes-Afrika ook ten opsigte van daardie gebied gedoen en is ook in genoemde gebied van toepassing.

SCHEDULE

Item 34.1.—*Operator-controlled calls:*

Substitute the following for the particulars in respect of Cyprus:

Service to	Basic rate		Personal-call fee
	3 min	1 min	
	R	R	R
"Cyprus.....	7,50	2,50	2,50"

(16 November 1979)

BYLAE

Item 34.1.—*Operateurbeheerde oproepe:*

Vervang die besonderhede ten opsigte van Ciprus deur die volgende:

Diens na	Grondtarief		Persoonlike-oproep-geld
	3 min	1 min	
	R	R	R
"Ciprus.....	7,50	2,50	2,50"

(16 November 1979)

NOTICE 896 OF 1979

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 31st day of October 1979

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	26 435 568,36
Notes in circulation	1 485 826 894,00
Deposits:	
Government	704 718 262,39
Provincial administrations	50 777 251,38
Bankers	349 474 685,71
Other	145 397 332,76
Other liabilities	2 214 250 446,43
	R4 978 880 441,03

Assets	R
Gold	2 859 906 111,58
Foreign:	
Bills	41 409 486,51
Investments	33 663 375,92
Other assets	592 295 494,87
Total gold and foreign assets	3 527 274 468,88
Domestic:	
Bills discounted	283 000 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	587 007 847,66
Securities:	
Government	110 973 553,40
Other	4 700 040,00
Other assets	465 924 531,09
	R4 978 880 441,03

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 74,7 per cent.

Pretoria, 7 November 1979. A. S. JACOBS, General Manager.

KENNISGEWING 896 VAN 1979

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 31ste dag van Oktober 1979

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	26 435 568,36
Note in omloop	1 485 826 894,00
Deposito's:	
Regering	704 718 262,39
Provinsiale administrasies	50 777 251,38
Bankiers	349 474 685,71
Andere	145 397 332,76
Ander laste	2 214 250 446,43
	R4 978 880 441,03

Bates	R
Goud	2 859 906 111,58
Buitelandse:	
Wissels	41 409 486,51
Beleggings	33 663 375,92
Ander bates	592 295 494,87
Totaal aan goud en buitelandse bates	3 527 274 468,88
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	283 000 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	587 007 847,66
Sekuriteite:	
Regering	110 973 553,40
Andere	4 700 040,00
Ander bates	465 924 531,09
	R4 978 880 441,03

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 74,7 persent.

Pretoria, 7 November 1979. A. S. JACOBS, Hoofbestuurder.

(16 November 1979)

NOTICE 898 OF 1979

NOTICE OF INVESTIGATION AND DETERMINATION OF RIGHTS OF OWNERSHIP, OCCUPATION AND POSSESSION OF SURVEYED LAND

Whereas in terms of section 8 (1) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I, Frank Harold de Jager Brownlee, having been duly appointed by the State President a Commissioner in respect of the land referred to in the Schedule hereto;

And whereas in terms of section 8 (6) of the said Act I am required to inquire into the ownership of all the said land;

And whereas in terms of section 8 (1) read with section 8 (7) of the said Act, I am required to investigate and determine the rights of occupation and ownership of persons other than Europeans or Asiatics claiming to own the said land or to determine who is the person entitled to be registered as the owner of such of the said land as is occupied or possessed by a Black who is not the registered owner thereof;

Now, therefore, in terms of regulation 3 of the Regulations published in Government Notice R. 2062 of 1968, I hereby give notice that at the respective times, dates and places specified in the Schedule hereto—

(a) every registered owner named in the Schedule hereto is required to produce to me the title deed in terms of which the land described opposite his name is held by him, together with proof of his identity and race;

(b) every person other than an European or Asiatic who occupies or possesses land described in the Schedule hereto, or in an area designated in the Schedule hereto and which is not registered in his name, and who claims rights of ownership in such land is required to lodge his claim with and produce to me the title deed to such land, if it is available, together with proof of his claim, identity and race;

(c) any other person claiming rights in respect of the land described in the Schedule hereto is required to lodge his claim with me.

Dated at East London, this 24th day of October 1979.

F. H. DE J. BROWNLEE, Commissioner.

SCHEDULE

Specified date and place: 09h00 on 15 January 1980, at the Office of the Magistrate, Humansdorp, until completed.

Description of land and registered owner

Situate in the Local Board Area of Kruisfontein, Division of Humansdorp:

Erf No. (formerly)

Erf 3 (Lots 17, 17a, 21, 21a and 21D of Lot Z): Rubin Manuel Adams.
Erf 4 (Lot 16 of Lot Z): Piet Swart.
Erf 7 (Lot 24 of Lot Z): Thomas Swart.
Erf 11 (Lot 14 of Lot Z): Gordon Dawson Tee.
Erf 13 (Lot 12 of Lot Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 14 (Lot 12a of Lot Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 15 (Lot 15 of Lot Z): David D'Lamini Sr.
Erf 16 (Lot 27 of Lot Z): David D'Lamini Sr.
Erf 17 (Lot 11 of Lot Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 19 (Lot 29 of Lot Z): Paul Sibenga.
Erf 20 (Lot 32A of Lot Z): Kayser Nakas.
Erf 21 (Lot 30 of Lot Z): Hans Williams, Booi Williams, Dail Williams, Ellie Trompetter, born Fleur, and Daniel Williams, in undivided shares.
Erf 22 (Lot 1 of Lot Z): Mentoor Fleur, Stuurmen Fleur and Dirk Fleur, in undivided shares.
Erf 24 (Lot 3 of Lot Z): Joint estate late Philip Williams and surviving spouse Margaret Elizabeth Williams, born Trompetter, widow.

KENNISGEWING 898 VAN 1979

KENNISGEWING VAN ONDERSOEK NA BEPALING VAN EIENDOMS-, OKKUPASIE BESITREG OP OPGEMETE GROND

Nademaal ek, Frank Harold de Jager Br kragtens artikel 8 (1) van die Swart Administrasi 1927 (Wet 38 van 1927), behoorlik deur die president aangestel is as Kommissaris ten opsi die grond in die Bylae hiervan genoem;

En nademaal ek ingevolge artikel 8 (6) van ge Wet ondersoek na die eiendomsreg op genoemd moet instel;

En nademaal ek ingevolge artikel 8 (1) gel artikel 8 (7) van genoemde Wet, die besitreg domsreg van ander persone dan Blankes o moet ondersoek en bepaal of moet bepaal wie soon is wat daarop geregtig is om geregistreer as die eienaar van sodanige van genoemde wat geokkupeer of besit word deur 'n Swarte die geregistreerde eienaar daarvan is nie;

So is dit dat ek ingevolge regulasie 3 van lasies in Goewermentskennisgewing R. 2062 afgekondig hierby kennis gee dat op die bet datums en plekke in die Bylae hiervan gesp

(a) elke geregistreerde eienaar in die B van genoem, die titelbewys aan my m waarkragtens die grond teenoor sy naam beskryf, deur hom besit word, tesame met bewys van sy identiteit en ras;

(b) elke persoon ander dan 'n Blanke of Asiaat, wat grond wat in die Bylae hiervan beskryf word, of in 'n gebied wat in die Bylae hiervan genoem word en wat nie op sy naam geregistreer is nie, okkupeer of besit en wat aanspraak maak op eiendomsregte op sodanige grond, sy eis by my moet indien en die titelbewys van sodanige grond, indien dit beskikbaar is, aan my moet voorlê, tesame met bewys van sy eis, identiteit en ras;

(c) enige ander persoon wat op regte aanspraak maak ten opsigte van die grond in die Bylae hiervan beskryf, by my sy eis moet indien.

Gedateer te Oos-Londen op hede die 24ste dag van Oktober 1979.

F. H. DE J. BROWNLEE, Kommissaris.

BYLAE

Gespesifiseerde datum en plek: 09h00 op 15 Januarie 1980, by die kantoor van die Landdros, Humansdorp, tot afgehandel.

Beskrywing van grond en geregistreerde eienaar

Geleë binne die Plaaslike Raadsgebied, Kruisfontein, afdeling Humansdorp:

Erf No. (voorheen)

Erf 3 (Persele 17, 17a, 21, 21a en 21D van Perseel Z): Rubin Manuel Adams.
Erf 4 (Perseel 16 van Perseel Z): Piet Swart.
Erf 7 (Perseel 24 van Perseel Z): Thomas Swart.
Erf 11 (Perseel 14 van Perseel Z): Gordon Dawson Tee.
Erf 13 (Perseel 12 van Perseel Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 14 (Perseel 12a van Perseel Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 15 (Perseel 15 van Perseel Z): David D'Lamini Sr.
Erf 16 (Perseel 27 van Perseel Z): David D'Lamini Sr.
Erf 17 (Perseel 11 van Perseel Z): Ruben Manuel Adams.
Erf 19 (Perseel 29 van Perseel Z): Paul Sibenga.
Erf 20 (Perseel 32A van Perseel Z): Kayser Nakas.
Erf 21 (Perseel 30 van Perseel Z): Hans Williams, Booi Williams, Dail Williams, Ellie Trompetter gebore Fleur, en Daniel Williams, in onverdeelde aandele.
Erf 22 (Perseel 1 van Perseel Z): Mentoor Fleur, Stuurman Fleur en Dirk Fleur, in onverdeelde aandele.
Erf 24 (Perseel 3 van Perseel Z): Gesamentlike boedel wyle Philip Williams en oorlewende eggenote Margaret Elizabeth Williams, gebore Trompetter, weduwee.

Erf 25 (Lot 4 of Lot Z): Jan Piet Fleur, minor.
Erf 27 (Lot 33 of Lot Z): Hendrik Felix.
Erf 28 (Lot 6 of Lot Z): Pieter Kettledas.
Erf 30 (Lot 8 of Lot Z): Gordon Dawson Tee.
Erf 31 (Lot 9 of Lot Z): Mentoor Fleur, Stuurman Fleur, Dirk Fleur and Piet Fleur, minor, in undivided shares.
Erf 32 (Lot 32 of Lot Z): Jan Williams.
Erf 33 (Lot 19): Reubin Manuel Adams.
Erf 34 (Lot 18): Paul Sibenga.
Erf 37 (Lot 20): Nickolaas Johannes Geswint and Louis Geswint, in undivided shares.
Erf 42 (Lot 5, Block N): Cornelius Meyer.
Erf 43 (Lot 7, Block N): Estate late Sannie Geswint, born Faulkener.
Erf 44 (Lot 9, Block N): Philander Meyer.
Erf 45 (Lot 11, Block N): Gordon Dawson Tee and Daniel Daniels, in undivided shares.
Erf 46 (Lot 13): Prince Palmer.
Erf 47 (Lot 15, Block N): Dick Summers.
Erf 48 (Lot 16, Block N): Lennox George Geswint.
Erf 50 (Lot 12, Block N): Martiens Booysen.
Erf 51 (Lot 10, Block N): Jan Booyse.
Erf 52 (Lot 8, Block N): David Alexander Jacobus Allison.
Erf 53 (Lot 6, Block N): Louis Geswint.
Erf 54 (remainder of Lots 2 and 4, Block N): Richard John Lewis.
Erf 55 (Lot 2 of Lots 2 and 4, Block N): Dora van Hanse, born Geswint, widow.
Erf 56 (Lot 42, Block P): Johannes Williams.
Erf 57 (Lot 1, Block P): September Leyong.
Erf 58 (Lots 3 and 5, Block P): Daniel Kettledas.
Erf 59 (Lots 7 and 9, Block P): Johannes Stuurman and Andries Hugo, in undivided shares.
Erf 60 (Lot 11, Block P): Abraham Geduld.
Erf 61 (Lots 13 and 14, Block P): James Jacobus Brown.
Erf 62 (Lot 12, Block P): Adam Prins Jr.
Erf 63 (Lot 10, Block P): Spasina Stuurman.
Erf 64 (Lot 8, Block P): Angela Miriam Groener.
Erf 65 (Lot 6, Block P): Lydia Human, born Prince, widow.
Erf 66 (Lot 4, Block P): John Jordaan.
Erf 67 (Lot 2, Block P): Cornelius James Goeda.
Erf 68 (Lot 41, Block R): Zacharias Henry Frans.
Erf 69 (Lot 37, Block R): Gordon Dawson Tee.
Erf 70 (Lot 39, Block R): David Coetzee.
